

27 September

Skrifgedeelte: Romeine 6:15-7:6

Fokusgedeelte: Romeine 7:1-6

Goeie nuus: Jy behoort aan Jesus Christus

Dit is asof die goeie nuus net nie wil ophou nie. Dit hou aan soos 'n sagte en deurdringende reënbus met druppels van genade wat op jou gees bly val.

Paulus maak seker dat jy God se goeie nuus verstaan. Om dit te verstaan, hou in dat jy die implikasies daarvan begryp en dat jy met oorgawe kan lewe. Die goeie nuus is mos dat jy uit genade vrygespreek is, sonder 'n slaafse wetsonderhouding van jou kant af. Die apostel illustreer dit deur na 'n aardse huwelik te verwys. Die wet van die huwelik bepaal onder andere dat 'n vrou nie met 'n ander man mag saamlewe terwyl haar man nog lewe nie. Maar as haar man sterf, geld dié bepaling van die huwelikswet nie meer vir haar nie. Dan is sy vry om met 'n ander man te trou.

Verstaan jy wat Paulus hiermee wil sê? In vers 4 pas hy dié waarheid toe op die gelowige. 'n Ander verbintenis het gerealiseer toe jy saam met Christus gesterf het, want toe het die wet sy gesag oor jou as Godskind verloor. Jy behoort nou aan iemand anders, naamlik Jesus Christus. In teenstelling met die Jode se uitleg van die wet is jy nie 'n slaaf van God se wet nie. Daar druk geen swaare wetslas op jou meer nie. Omdat jy vrygespreek is, behoort jy nou as deel van die bruid van Christus volkome aan jou nuwe bruidegom, Jesus Christus. Jy kan dus voluit én met vreugde lewe. Boonop gaan jy anders vrug dra as voorheen. Jy durf God dien in die nuwe bedeling van die Gees. Verby is die ou bedeling van wetsvoorskrifte. Jy is 'n splinternuwe mens met 'n totaal nuwe manier van lewe. Die nakoming van die letter van die wet ter wille van verdienste is verby. Die baasskap van die wet het verander. Jy is nou dienskneg en diensmaagd van jou koning, Jesus Christus.

Sing: Psalm 45:9,10

Ds PH Heystek (Pretoria-Montanapoort)